basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V1

## NOVEMBER 2010

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Leesbegrip (30)
   AFDELING B: Opsomming (10)
   AFDELING C: Taal (30)

2. Lees ALLE instruksies noukeurig deur.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Trek 'n streep ná elke afdeling.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

8. Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1: ARTIKEL EN ADVERTENSIE

Lees en kyk na die onderstaande tekste en beantwoord die vrae wat daarna volg.

**ARTIKEL**

# DIE BEDREIGING VAN VERVALSING

***Hoeveel logo's herken jy? Is jy gesteld op die etiket wat jy dra?***

Jeep LACOSTE TOMMY HILFIGER

ROXY le coq sportif

***Hoekom word intellektuele eiendom voortdurend gesteel?***

*"Dis eenvoudig omdat mense agtelosig is en nie die regte stappe volg om hulle handelsnaam te beskerm nie," sê mnr. Paul Ramara, 'n prokureur wat spesialiseer in patentereg.*

1 Vervalsing en roofkopiëring is deesdae van die grootste uitdagings vir eienaars van intellektuele eiendom (IE). Hoe suksesvoller die handelsnaam, hoe groter is die kans dat dit vervals sal word.

2 Nagemaakte goedere bevat of dra 'n verbode handelsmerk of 'n handelsmerk sonder die eienaar se magtiging. As iemand aangekla word dat hy/sy handel dryf in vervalste goedere, moet dit bewys kan word dat daar 'n skending van 'n handelsmerk of 'n oortreding van kopiereg was.

3 Feitlik enige produk kan vervals of nagemaak word en volgens die Amerikaanse kamer van koophandel beloop die impak van vervalsing en roofkopiëring \$500 tot \$600 miljard, of 5 – 7% van die wêreldhandel.

4 Paul Ramara, 'n kenner op hierdie gebied, sê nagemaakte goedere in Suid-Afrika word gewoonlik ingevoer, meestal uit die Verre-Ooste, maar dit word ook hier vervaardig. Dit word by stalletjies, vlooimarkte, oor die Internet, langs die pad en oor die algemeen in die informele marksektor verkoop. Sommige kleinhandelaars is óók skuldig en verkoop doelbewus namaaksels.

5 Volgens mnr. Ramara is dit moeilik om die werklike koste van vervalsing in Suid-Afrika te bepaal omdat te min inligting beskikbaar is. "Ons sien wel in die huidige ekonomiese klimaat die gevolge van vervalsing. Dit het 'n ernstige uitwerking op die reputasie van 'n handelsnaam en kan 'n land se beeld benadeel. Beleggersvertroue kan negatief beïnvloed word en die potensiaal vir die ontwikkeling van nuwe sakeondernemings knou. "

6 Eienaars van hoë kwaliteit handelsname is baie bekommerd oor die vervaardiging en verkoop van nagemaakte goedere. As gevolg van die swak gehalte van nagemaakte goedere word die goeie naam en reputasie van die egte produkte in gedrang gebring. Vervalste artikels benadeel die verkoop van die ware Jakob. Dit is nadelig vir handelsnaameienaars se besigheid, asook vir die handelaars aan wie hulle die egte goedere verskaf. Vervalsing moet dus gestop word.

7 Die meeste nagemaakte goedere word ingesmokkel. Dit lei tot ŉ verlies van inkomste vir die staat, want invoerbelasting word nie betaal nie.

8 "Kleiner, ontwikkelende maatskappye wat nie die hulpbronne of ondervinding het om vervalsing te bekamp nie, kan so benadeel word dat hulle gedwing word om personeel af te dank of te sluit."

9 Omdat vervalsers nie soos eienaars van handelsmerke reklame- en ander koste het nie, kan hulle die goedere spotgoedkoop verkoop. Die handelsmerkeienaars kan nie met die vervalsers se goedkoop pryse meeding nie en moet produksie óf afskaal óf staak. Werksverliese is aan die orde van die dag.

10 Ramara sê prysbewuste mense wat dink hulle kry ŉ winskopie deur nagemaakte goedere te koop, is op die ou einde die verloorders omdat hulle ŉ produk koop wat van swakker of gevaarlike materiaal gemaak is. "Daar is dikwels gesondheids- en veiligheidskwessies verbonde aan nagemaakte goedere. Veral grimeermiddels soos gesigsroom, lipstiffies en parfuum word maklik vervals en kan vrylik en goedkoop gekoop word."

11 Suid-Afrika het goeie wette om intellektuele eiendom te beskerm. Dit is egter ook belangrik om skeppings by *Cipro* te registreer en verkieslik regshulp te kry om te verseker dat die waarde van sulke skeppings nie verlore gaan nie. In Suid-Afrika help drie belangrike staatsagentskappe met die stryd teen vervalsing: die polisie, die doeane-afdeling van die SAID (Suid-Afrikaanse Inkomstediens) en die Departement van Handel en Nywerheid.

[Verwerk uit: *Finweek*, 30 April 2009]

1.1 Wat is die TWEE grootste bedreigings vir eienaars van intellektuele eiendom? (2)

1.2 Dink jy dat vervalsing en roofkopiëring wêreldwyd ŉ groot probleem is? Motiveer jou antwoord uit die teks. (2)

1.3 Waar kom die nagemaakte goedere op die Suid-Afrikaanse mark vandaan? (2)

1.4 Voltooi die volgende tabel:

| **Belanghebber wat deur vervalsing benadeel word** | **Een sin/sinsdeel om aan te dui hoe benadeling plaasvind** |
|---|---|
| Eienaars van kwaliteit handelsmerke | |
| Handelaars in egte goedere | |
| Die staat | |

(3)

1.5 Waarom kan vervalsers hulle produkte goedkoper aanbied? Gee TWEE redes. (2)

1.6 Waarom hou nagemaakte skoonheidsprodukte risiko's vir verbruikers in? (1)

1.7 "… prysbewuste mense wat dink hulle kry 'n winskopie deur nagemaakte goedere te koop, is op die ou einde die verloorders ..." (paragraaf 10).

1.7.1 Wat is die geïmpliseerde betekenis as daar na verbruikers as "verloorders" verwys word? (1)

1.7.2 Motiveer jou antwoord. (1)

1.8 Hoe word intellektuele eiendom in Suid-Afrika beskerm? (1)


1.9 Wie is die teikenmark van die artikel? (1)

1.10 Watter soort tydskrif is *Finweek*? (1)

1.11 Vervalsing word in hierdie artikel veroordeel. Watter "versagtende omstandighede" of redes sou jy kon aanvoer om vervalsing te regverdig? Gee TWEE redes. (2)

**EN**

**ADVERTENSIE**




**As wintertamheid jou met sy ysige vingers beet het, is dit tyd om weg te breek. Kies die plek van jou drome en vat 'n verbeeldingsvlug. Ons wys jou hoe ...**

Skep so gou as moontlik vir jou 'n eietydjie. Wees meedoënloos. Jy moet alleen, snoesig kan terugsit met daardie nuwe, opwindende boekklubkeuse in jou hand. Sodra jy gemaklik is, verdiep in jou storie – dán eers – haal jy jou Aero uit. Laat daardie eerste happie wegsmelt op jou tong en gee jou oor aan die soete verleidelike verbeeldingsvlug waarop net die borrels in 'n Aero jou kan wegvoer.




[Uit: *Rooi Rose*, Julie 2009]

1.12 Woorde soos "wintertamheid", "ysige vingers" en "snoesig" bewys dat die advertensie vir die winter beplan is. Gee TWEE verdere bewyse hiervan. (2)

1.13 Watter DRIE voorwaardes moet jy volgens die advertensie nakom, voordat jy jou Aero eet? (3)

1.14 Gee TWEE redes waarom die gebruik van die lettertipe, -vorm en -plasing op die fotodeel van die advertensie funksioneel is. (2)

1.15 Noem TWEE "foute" in die foto wat jy sou regstel om tegnies beter by die teksgedeelte van die advertensie aan te pas. (2)

1.16 Watter ENKELE woord in die slotreël van die advertensie kan as manipulerende taalgebruik beskou word? (1)

1.17 Die advertensie maak van sintuiglike ervarings gebruik om jou te betrek. Verduidelik. (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

Lees die onderstaande teks en maak ŉ opsomming van SEWE wenke hoe om veiliger gedurende die vakansie te wees. Jou opsomming moet in jou eie woorde **puntsgewys** aangebied word en mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.

**WEES VEILIG IN DIE VAKANSIETYD**

Carla van Niekerk

Die Kersvakansie is om die draai en talle mense sien uit na ŉ welverdiende rustyd na ŉ jaar se harde werk. Elke jaar is daar egter ook mense wat in dié tyd onder misdaad deurloop.

Supt. Lesego Metsi, Noordwes-polisiewoordvoerder, sê mense is dikwels so opgewonde oor hulle vakansie dat hulle vergeet misdadigers hou juis nié in hierdie tye vakansie nie en misdaad kom oral voor.

Volg die volgende veiligheidswenke van die polisie om jou geliefdes en besittings tydens die feesseisoen veilig te hou:

Reël met iemand om die posbus leeg te maak sodat diewe nie kan sien dat jy nie tuis is nie. Staak jou koerant se afleweringsdiens vir die tydperk wat jy uitstedig is. Moenie ligte in jou huis aanlos terwyl jy met vakansie is nie. Misdadigers kom vinnig agter as jou ligte heeldag lank brand. Reël eerder met jou buurman om die ligte in die oggend af te skakel en om dit saans weer aan te skakel.

Skryf jou huisadres en kontaknommer by jou plaaslike polisiekantoor in ŉ register, sodat hulle weet jy is nie tuis nie. Metsi sê polisiepatrollies kan dan ŉ ogie oor jou huis hou. Maak seker dat jou huis en hekke gesluit is voordat jy met vakansie vertrek. Baie mense is so gretig om te vertrek dat hulle vergeet om te sluit en óf net die deure en hekke toestoot óf dit selfs heeltemal oop laat staan.

Hou by die verkeersreëls wanneer jy bestuur. Rus elke twee ure en moenie bestuur as jy moeg of onder die invloed van drank is nie.

Wanneer jy by jou vakansiebestemming is, moet jy nie waardevolle artikels in jou motor los nie. Sluit dit eerder in die kattebak toe. Moenie jou motor se vensters ooplos as jy iewers by jou vakansiebestemming uitklim nie, selfs al is dit net om vinnig iets by die kafee te koop.

Maak seker jy parkeer saans altyd op ŉ veilige plek wat goed verlig is. Bly in gebiede waar daar baie mense is en vermy afgesonderde gebiede. Onthou jy ken nie die omgewing nie, so beweeg waar ander toeriste is. Moenie rylopers oplaai nie. Jy weet nooit wie jy só in die veiligheid van jou motor toelaat nie.


[Verwerk uit: *Bylae tot Beeld*, Maandag 29 Maart 2010]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

### VRAAG 3: STROKIESPRENT EN ARTIKEL

Lees die onderstaande tekste en beantwoord die daaropvolgende vrae.




[Uit: *Taalgenoot*, Oktober 2008]

3.1 Gee die intensiewe vorm van *ernstig* (raampie 1). (1)

3.2 Wat noem ons die inwoners van Engeland (raampie 1)? (1)

3.3 Skryf die sin in raampie 2 in die verlede tyd. (1)

3.4 Gee die verkleiningsvorm van *rugprobleme* (raampie 3). (1)

3.5 Vorm, deur die gebruik van 'n metamorfeem, 'n selfstandige naamwoord van *help* (raampie 3). (1)

3.6 Skryf die eerste sin van raampie 4 in die ontkennende vorm. (1)

3.7 Die Afrikaanse woord "motorhuis" is 'n sinoniem vir *garage* (raampie 4). Uit watter taal is *garage* ontleen? (1)

3.8 Verander die uitroepsin in raampie 4 in 'n vraagsin. (1)

3.9 Brei die tweede sin in raampie 5 uit deur 'n bywoordelike bysin. Skryf slegs die bysin neer. (1)

3.10 Skryf die sin in raampie 6 in die lydende vorm. (1)

3.11 *Emigrasie* (raampie 7) en immigrasie word dikwels verwar. Maak sinne met albei woorde sodat die betekenisverskil duidelik sal wees:

3.11.1 Emigreer

3.11.2 Immigreer (2)

3.12 Voltooi die uitdrukking: As 'n plan goed is, sê ons dit is 'n plan … (1)

3.13 As jy 'n plan moet maak om 'n probleem op te los, sê ons jy … 'n plan. (Nie maak nie!) (1)

3.14 Wat is die semantiese funksie van die voorvoegsel *na-* in *nadink* (raampie 8)? (1)

3.15 Kyk na raampie 8 en lees dit weer. Watter implisiete boodskap word deur die spreker oorgedra? (1)

3.16 Kyk weer na die hele strokie. Watter geslagstereotipering ten opsigte van mans word hierin uitgebeeld? (1)

3.17 Verander die emotiewe taalgebruik in raampie 8 ("… *het ons eintlik die beste rugbyspan …*") deur 'n neutraler uitdrukking. (1)

3.18 Identifiseer 'n spelfout in raampie 8. Verbeter die fout deur slegs die korrekte woord neer te skryf. (1)

**EN**

**VOËLPRAATJIES**
Morné du Plessis

1 Gee my 'n wakkerword in die middel van 'n bos en ek is soos sagte klei.

2 Die blote lieflikheid van voordonker se oggendkonsert in 'n woud sif gemoedige gevoelens soos pluimsaadkonfetti oor my wese uit.

3 As die oggendkonsert in 'n woud begin, het ek geen verweer nie. Die een wonderwerk volg ná die ander. Noem my maar soetsappig, maar dit is waarna ek soek. Ek is met net so min tevrede as die groenhoutkapper, wat in 'n klein lappie aarde bly. Hierdie voëls se verspreiding is beperk tot die Ongoye-woud, naby Empangeni in KZN.

4 Stap jy die bos binne en fluit jy 'n paar tjok-tjok-tjok-fluite, kry jy sommer blitsig 'n reaksie.

5 Maar dis nie altyd maklik om bosvoëls te siene te kry nie. Die bos is daarvoor veels te hoog. As 'n voël in die boomdak sit, is jy gelukkig as jy sy silhoeët waarneem. Die groenhoutkapper tel onder ons skaarsste Suid-Afrikaanse voëlsoorte.

6 Groenhoutkappers is van nature dun gesaai. Hulle is die vasbyters onder die vasbyters van die Afromotaanwoude. Hierdie woude krimp en rek oor die millennia namate die aarde se klimaat deur sy normale siklusse wentel.

7 Mense wat nie so gelukkig of so geduldig is om groenhoutkappers te sien nie, sien meestal boskrappers, wat nabyverwant aan groenhoutkappers is. Hulle word duideliker deur hulle roepe as deur hulle voorkoms onderskei. "My vrou is nie so 'n ywerige voëlkyker soos ek nie. Die boskrappers se ge-tjrr-tjrr-tjrr hou haar lank aan die raai voordat sy hulle uiteindelik in haar verkyker se visier kry."

8 Nes 'n mens met die fokusknop begin peuter, is hy weer aan die tjrr daar uit die donker onderbossies. 'n Boskrapper hou blykbaar eenvoudig nie van aandag nie, veral nie die soort wat 'n (sluip) voëlentoesias aan hom wil skenk nie.

[Verwerk uit: *Buite*, 30 Maart 2010]

3.19 Die woord *gemoedige* in paragraaf 2 is saamgestel uit "gemoedelik" (opgeruimd/gesellig) en "moedig" (dapper). Wat noem ons die manier waarop 'n woord ontstaan? (1)

3.20 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

In paragraaf 3 sê die skrywer hy *soek* ... hy is dus <u>soek</u>end, 'n <u>soek</u>er wat ge<u>soek</u> het. Al hierdie woorde is stamverwant en ons noem dit ...

A doeblette.
B paronieme.
C poliseme.
D homofone. (1)

3.21 Waarvoor staan die afkorting *KZN* (paragraaf 3)? (1)

3.22 Skryf ŉ voorbeeld van die aantonende wyse uit paragraaf 5 neer. (1)

3.23 Gee die vergrotende trap van *skaars* (paragraaf 5). (1)

3.24 Gebruik sinsaksent om die tweede sin van paragraaf ses meer lesersvriendelik te maak. Skryf net ŉ frase neer en dui die sinsaksent met die korrekte aksentteken aan. (1)

3.25 Identifiseer en benoem ŉ determineerder in paragraaf 6. (1)

3.26 Verwys na die laaste sin van paragraaf 6:

*Hierdie woude krimp en rek oor die millennia namate die aarde se klimaat deur sy normale siklusse wentel.*

Identifiseer die hoofsin van hierdie saamgestelde sin en skryf dit neer. (1)

3.27 Skryf Morné se eerste sin in paragraaf 7 in die indirekte rede. (1)

3.28 Gee die korrekte teenwoordige deelwoord vir *sluip* in paragraaf 8. (1)

3.29 Die HAT definieer *entoesias* soos volg:

| |
|---|
| **en-toe-si-as'** s.nw. (-te) Iemand vol geesdrif; hartstogtelike voorstander, volgeling.<br>[G. *en* + *theos* god – deur ŉ god besete]. |

Wat is die oorsprongtaal van die woord *entoesias*? (1)

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou